# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

==========================

THURSDAY, 17 AUGUST 2023

1. The House met at 14:15.

2. The Temporary Chairperson (Ms L M Maseko) took the Chair and read the prayer.

3. [14:16] The Temporary Chairperson (Ms L M Maseko) welcomed the Mitchells Plain SAPS Women's Network to the Sitting.

4. [14:18] The Temporary Chairperson (Ms L M Maseko) made a general announcement regarding the sitting of the Western Cape Provincial Parliament in accordance with Rule 1A of the Standing Rules pertaining to Members in remote attendance by electronic means.

5. [14:22] The Deputy Chief Whip of the Majority Party (Ms D M Baartman) moved without notice: That, notwithstanding the provisions of Rule 20(1), precedence be given to the Subject for Discussion and Questions to the Premier without notice.

   Agreed to.

6. [14:23] The House discussed the following subject in the name of Hon K Brinkhuis:

   That land and agricultural startups be released especially to women who are involved in food gardening and community gardening projects and to women living on farms.

   Debate concluded.

7. [15:27] Questions to the Premier without notice.

8. [15:50] Interpellations.

9. [16:11] Questions.

10. [17:14] Statements by Members.

11. [17:37] Response to statements by Members by Mr T A Simmers, Minister of Infrastructure and Mr D J Maynier, Minister of Education.

12. [17:41] Motions with Notice *(in accordance with Standing Rule 151).*

    The Speaker made an announcement in accordance with the Standing Rule 151, all Notices of Motion by Members are required to be delivered to the Secretary for placing on the Order Paper. These motions, duly submitted, will be published on the Order Paper.

13. [17:42] Motions without Notice *(in accordance with Standing Rule 150).*

14. Mr M Kama moved without notice: That the House notes and congratulates the eleven learners from Ocean View for their outstanding achievement of winning 19 medals at the cycle tournament in the Interprovincial Youth Tournament that was held in Oudtshoorn from 10 to 14 July 2023; notes that securing a total of 19 medals is a remarkable feat and a testament to their dedication, hard work and skill in cycling; notes that their accomplishments not only reflect their individual talents but also highlight the supportive environment provided by their school and community; notes that this achievement surely brings pride and recognition to Ocean View and its learners; and congratulates the cyclists and everyone who contributed to their success.

    Agreed to.

15. Ms A P Bans moved without notice: That the House notes with sadness the passing away of five people who were gunned down (men aged 12, 14 and 34 and two female victims aged 32 and 39) in Chris Hani Street, Mbekweni, in Paarl on Monday 7 August 2023; and extends condolences and sends a message of strength to the family and friends.

    Agreed to.

16. Ms A P Bans moved without notice: That the House notes the passing away of Talia Morris (17); notes that Talia was struck by a stray bullet while walking home in Hanover Park on 5 August 2023; and extends condolences and sends a message of strength to the family and friends.

    Agreed to.

17. Mr M Kama moved without notice: That the House notes and congratulates 16-year-old Josh Boer from Eerste River, Cape Town, on being selected to compete in the Bloemfontein Shotokhan Karate Championships on 17 August; notes that Josh is a Grade 10 learner at the Forest Heights High School and a member of the MB Shito-Ryu Karate Club and has been doing karate since he was four years old; and notes that this is a remarkable opportunity to showcase his skills on a competitive stage and to inspire others with his determination.

    Agreed to.

18. Mr D America moved without notice: That the House congratulates both the Western Cape Government and the City of Cape Town for successfully negotiating the end to the taxi strike; and notes that they were able to set a precedent for the rest of South Africa, showing that the taxi industry will get nothing from the government if they engage in violence and destruction.

    Agreed to.

19. Mr G Bosman moved without notice: That the House congratulates the 33 men who were chosen for the Springbok rugby team that will represent South Africa at the upcoming Rugby World Cup; notes that 19 of the 33 players have a deep-rooted connection to rugby in the Western Cape, and their achievements fill us with tremendous pride; notes that the Western Cape has always been a fertile breeding ground for exceptional rugby players, and this squad exemplifies that legacy; further notes that, as they gear up for the Rugby World Cup, we send them our best wishes for a successful preparation period; and notes that they are on the cusp of making history by striving to become the first team ever to secure a fourth Rugby World Cup victory.

    Agreed to.

20. Mr M I Sileku moved without notice: That the House commends the Stellenbosch Municipality for becoming the first municipality in the Western Cape to introduce a municipal inclusionary Housing Policy; notes that this grants the opportunity for a more integrated, inclusive town centre in Stellenbosch; and further notes that this inclusionary step is a massive one in the right direction and sets the stage for local businesses and corporates also to provide and support inclusionary opportunities that will now present themselves.

Agreed to.

21. Ms L M Maseko moved without notice: That the House notes that the Western Cape Government has allocated over half a billion rand this financial year alone for upgrading initiatives to improve informal settlements; notes that some settlements set for upgrading include Dunoon, the airport precinct, Kosovo Main, Thabo Mbeki, Welmoed, Silvertown, and many more; further notes a significant sum of R506 million is being invested to provide essential services, such as clean water, sanitation, electricity, and other basic amenities to our informal settlements this year; notes that this will be funded by the Department of Infrastructure's 2023/24 Informal Settlements Upgrade Partnership Grant; further notes that there are 40 projects underway across the province, each at various stages of development, notably 10 of these projects are in the implementation phase and are set to deliver 2 007 serviced sites, while three projects are already providing basic services to their beneficiaries; and notes that the remaining projects are being prepared for delivery over the Medium-term Expenditure Framework period.

Agreed to.

22. Ms L M Maseko moved without notice: That the House notes and commend Ms Anita Arendse on being appointed as the first female Chairperson at the Western Cape Rental Housing Tribunal (RHT); notes that the RHT was established 22 years ago in 2001 in terms of the Rental Housing Act, 1999 (Act 50 of 1999) (RHA), and has since played an important role in the rental housing sector in the Western Cape; further notes that Ms Arendse is a qualified attorney and conveyancer and will lead the board for the period of 1 July 2023 to 30 June 2026; also notes that Ms Arendse previously held the position of Presiding Officer in the Western Cape Liquor Authority, was a director at a law firm, and was a prosecutor at the Western Cape Public Protector's office; notes that the citizens of the Western Cape can be confident that the Rental Housing Tribunal Board is in capable hands; and further notes that this is another example of defining moments for women, as a country we still have a long way to go, but every stride made is an achievement to be celebrated by all, as we need to find a way of celebrating women more as an integral part of a changing society that is still trying to get its identity, and there is still more that needs to be achieved to empower women and their celebration is progress.

Agreed to.

23. Ms L M Maseko moved without notice: That the House notes that the provincial Department of Infrastructure has allocated an overall budget of R2,25 billion over the medium term to West Coast district municipalities; notes that in total 96 multi-year projects across the region are either underway or planned by the Department; notes that investment in infrastructure can be a catalyst for economic development in the region; further notes that some projects include the R529 million for the Malmesbury bypass project; notes that the project will create 220 job opportunities and 37 SMME opportunities; further notes that the two fast-tracked projects include repairs to the R303 in Citrusdal, a road that was reopened to traffic within 10 days after being washed away by recent flooding, and the Middelpos Primary School project, which will accommodate over 1 800 learners; also notes that road infrastructure for the Saldanha IDZ will also be

prioritised, with Minister Tertuis Simmers officially launching the Saldanha IDZ access road; notes that construction of the R24 million project commenced in September 2022; notes that the early completion of the project further highlights the Department's commitment to service delivery for jobs and economic opportunities to the benefit of communities; further notes that the Standing Committee on Infrastructure will embark on oversight visits to engage with all involved stakeholders to assess the progress of all projects that are presently underway or in the process of implementation; notes that these multi-year projects are projects that will instill dignity and hope in our communities; and notes that infrastructure investment is crucial for sustainable development outcomes and is key to economic growth.

Agreed to.

24. Mr D America moved without notice: That the House notes that the Western Cape Department of Mobility is currently recruiting traffic students for the completion of a Further Education and Training Certificate in Road Traffic Law Enforcement at the Gene Louw Traffic College in Brackenfell; notes that the deadline for applications is 28 August 2023 and the twelve-month training course will commence in January 2024; and encourages young people to apply for this opportunity to learn from and potentially join the ranks of our Provincial Traffic Services.

Agreed to.

25. Mr G Bosman moved without notice: That the House acknowledges and celebrates the significant contributions that Mr Johaar Mosaval made to the cultural fabric of the Western Cape; acknowledges the passing away of Mr Johaar Mosaval and extends its support and condolences to his friends and family; notes that Johaar was born in District Six and faced substantial challenges under the apartheid system when he embarked on his dancing career in the 1940s; notes that, regrettably, he was denied the opportunity to fully realise his potential in South Africa due to the restrictions imposed on accessing theatres and stages; notes that, in 1950, two visiting dancers recognised his talent and facilitated his scholarship to attend the Sadler's Wells Ballet School in London; notes that he subsequently joined the Royal Ballet School and, within a year, graduated into the Royal Ballet Company; notes that, in 1956, Johaar was promoted to soloist and marked his debut with a solo performance during the coronation of Her Majesty Queen Elizabeth II at Covent Garden; notes that her audience included dignitaries and leaders from around the world; notes that Johaar's illustrious ballet career spanned 25 years as a principal dancer before his return to South Africa in 1976; notes that, in 1977, he established his own ballet school, which unfortunately was later forced to close; and further note that he stood as a genuine inspiration, garnering admiration from individuals across South Africa. May his memory endure as a testament to his legacy.

Agreed to.

26. Mr M K Sayed moved without notice: That the House remembers and draws inspiration from Ruth First, an exemplary leader of the South African anti-apartheid struggle and a revolutionary intellectual; and notes that she was murdered on this day in 1982 by the racist apartheid regime through a letter bomb while in exile in Mozambique. May her soul rest in peace and may we build a better society by drawing on her legacy.

Agreed to.

27. The House adjourned at 18:05.

Sunelle Fouche

Digitally signed by Sunelle Fouche
Date: 2023.08.25 09:50:38 +02'00'

Sunelle Fouché
Acting Secretary to Provincial Parliament

No 20 - 2023] VYFDE SESSIE, SESDE PARLEMENT

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

==========================

DONDERDAG, 17 AUGUSTUS 2023

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.

2. Die Tydelike Voorsitter (me L M Maseko) neem die Stoel in en lees die gebed voor.

3. [14:16] Die Tydelike Voorsitter (me L M Maseko) het die Mitchells Plain SAPD Vrouenetwerk by die Sitting verwelkom.

4. [14:18] Die Tydelike Voorsitter (me L M Maseko) doen 'n algemene aankondiging met betrekking tot die sitting van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement in ooreenstemming met Reël 1A van die Staande Reëls van toepassing op Lede wat op afstand teenwoordig is met behulp van elektroniese middele.

5. [14:22] Die Adjunkhoofsweep van die Meerderheidsparty (me D M Baartman) stel sonder kennisgewing voor: Dat, nieteenstaande die bepalings van Reël 20(1), voorrang verleen word aan die Onderwerp vir Bespreking en Vrae aan die Premier sonder kennisgewing.

   Goedgekeur.

6. [14:23] Die Huis bespreek die volgende onderwerp in die naam van agb K Brinkhuis:

   Dat grond en landboubeginondernemings in die besonder aan vroue wat by voedseltuinbou en gemeenskapstuinbouprojekte betrokke is, en aan vroue wat op plase bly, beskikbaar gestel word.

   Debat afgesluit.

7. [15:27] Vrae aan die Premier sonder kennisgewing.

8. [15:50] Interpellasies.

9. [16:11] Vrae.

10. [17:14] Verklarings deur Lede.

11. [17:37] Reaksie op verklarings deur Lede deur mnr T A Simmers, Minister van Infrastruktuur en mnr D J Maynier, Minister van Onderwys.

12. [17:41] Voorstelle met kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 151).*

    Die Speaker doen 'n aankondiging ooreenkomstig die Staande Reël 151 dat daar vereis word dat alle voorstelle met kennisgewing deur Lede by die Sekretaris ingedien moet word om op die Ordelys geplaas te word. Hierdie voorstelle, behoorlik ingedien, sal op die Ordelys gepubliseer word.

13. [17:42] Voorstelle sonder kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 150).*

14. Mnr M Kama stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en die elf leerders van Ocean View gelukwens met hul uitstaande prestasie om 19 medaljes te verower by die fietsrytoernooi by die Interprovinsiale Jeugtoernooi wat van 10 tot 14 Julie 2023 op Oudtshoorn plaasgevind het; kennis neem dat die verowering van ŉ totaal van 19 medaljes ŉ merkwaardige prestasie is en ŉ bewys van hul toewyding, harde werk en vaardigheid in fietsry is; kennis neem dat hul prestasies nie net hul individuele talente weerspieël nie, maar ook die ondersteunende omgewing uitlig wat deur hul skool en gemeenskap verskaf word; kennis neem dat hierdie prestasie sekerlik Ocean View en sy leerders trots maak en vir hulle erkenning bring; en die fietsryers en almal wat tot hul sukses bygedra het, gelukwens.

    Goedgekeur.

15. Me A P Bans stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met hartseer kennis neem van die dood van vyf mense wat op Maandag 7 Augustus 2023 in Chris Hanistraat, Mbekweni, in die Paarl doodgeskiet is (mans van 12, 14 en 34 en twee vroulike slagoffers van 32 en 39 jaar oud); en meegevoel betuig en ŉ boodskap van sterkte aan die familie en vriende stuur.

    Goedgekeur.

16. Me A P Bans stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die dood van Talia Morris (17); kennis neem dat Talia op 5 Augustus 2023 deur ŉ dwaalkoeël getref is terwyl sy in Hanover Park huis toe gestap het; en meegevoel betuig en ŉ boodskap van sterkte aan die familie en vriende stuur.

    Goedgekeur.

17. Mnr M Kama stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis neem kennis van en die 16-jarige Josh Boer van Eersterivier, Kaapstad, gelukwens nadat hy gekies is om op 17 Augustus aan die Bloemfontein-Shotokhan-karatekampioenskap deel te neem; kennis neem dat Josh ŉ graad 10-leerder aan die Forest Heights High School is en ŉ lid van die MB Shito-Ryu-karateklub is en sedert hy vier jaar oud is karate beoefen; en kennis neem dat dit ŉ merkwaardige geleentheid is om sy vaardighede op ŉ mededingende verhoog ten toon te stel en om ander met sy vasberadenheid te inspireer.

    Goedgekeur.

18. Mnr D America stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis beide die Wes-Kaapse Regering en die Stad Kaapstad gelukwens met die suksesvolle onderhandeling om die taxistaking te beëindig; en kennis neem dat hulle in staat was om ŉ presedent vir die res van Suid-Afrika te skep deur te wys dat die taxibedryf niks van die regering sal kry as hulle hulle tot geweld en vernietiging wend nie.

    Goedgekeur.

19. Mnr G Bosman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die 33 manne gelukwens wat gekies is vir die Springbok-rugbyspan wat Suid-Afrika by die komende Rugby-wêreldbekertoernooi gaan verteenwoordig; kennis neem dat 19 van die 33 spelers ŉ diepgewortelde verbintenis met rugby in die Wes-Kaap het, en hul prestasies vul ons met baie trots; kennis neem dat die Wes-Kaap nog altyd ŉ vrugbare teelaarde vir uitsonderlike rugbyspelers was, en hierdie span is ŉ voorbeeld van daardie nalatenskap; verder kennis neem dat, terwyl hulle gereed maak vir die Rugby-wêreldbeker, ons ons beste wense vir

ʼn suksesvolle voorbereidingstyd aan hulle stuur; en kennis neem dat hulle op die punt staan om geskiedenis te maak deur te probeer om die eerste span ooit te word om ʼn vierde Rugby-wêreldbeker-oorwinning te behaal

Goedgekeur.

20. Mnr M I Sileku stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Stellenbosch-munisipaliteit aanprys omdat dit die eerste munisipaliteit in die Wes-Kaap geword het wat ʼn munisipale inklusiewe behuisingsbeleid ingestel het; kennis neem dat dit die geleentheid skep vir ʼn meer geïntegreerde, inklusiewe middedorp in Stellenbosch; en verder kennis neem dat hierdie inklusiewe stap ʼn groot stap in die regte rigting is en die geleentheid vir plaaslike sakeondernemings en korporasies skep om ook inklusiewe geleenthede wat hulle nou sal voordoen, te verskaf en te ondersteun.

Goedgekeur.

21. Me L M Maseko stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat die Wes-Kaapse Regering net in hierdie finansiële jaar meer as ʼn halfmiljard rand bewillig het vir die opgraderingsinisiatiewe om informele nedersettings te verbeter; kennis neem dat sommige van die nedersettings wat vir opgradering geoormerk is, Dunoon, die lughawegebied, Kosovo Main, Thabo Mbeki, Welmoed, Silvertown en vele meer insluit; verder kennis neem dat ʼn aansienlike bedrag van R506 miljoen vanjaar belê word om noodsaaklike dienste, soos skoon water, sanitasie, elektrisiteit en ander basiese geriewe, aan ons informele nedersettings te verskaf; kennis neem dat dit gefinansier sal word deur die Departement van Infrastruktuur Vennootskapstoelae vir die Opgradering van Informele Nedersettings ("Informal Settlement Upgrade Partnership Grant") vir 2023/24; verder kennis neem dat 40 projekte in die provinsie aan die gang is, elk in verskillende stadiums van ontwikkeling, waarvan 10 van hierdie projekte in die implementeringsfase is en 2 007 gedienste terreine sal lewer, terwyl drie projekte reeds basiese dienste aan hul begunstigdes verskaf; en neem kennis dat die oorblywende projekte voorberei word vir die verskaffing van geleenthede in die mediumtermyn-uitgaweraamwerkperiode.

Goedgekeur.

22. Me L M Maseko stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en me Anita Arendse aanprys vir haar aanstelling as die eerste vroulike Voorsitter van die Wes-Kaapse Huurbehuisingstribunaal (HBT); kennis neem dat die HBT 22 jaar gelede in 2001 ingevolge die Wet op Huurbehuising, 1999 (Wet 50 van 1999) (WHB) gestig is en sedertdien ʼn belangrike rol in die huurbehuisingsektor in die Wes-Kaap gespeel het; verder kennis neem dat me Arendse ʼn gekwalifiseerde prokureur en aktebesorger is en die raad sal lei vir die tydperk 1 Julie 2023 tot 30 Junie 2026; ook kennis neem dat me Arendse voorheen die pos van Voorsittende Beampte in die Wes-Kaapse Drankowerheid beklee het, ʼn direkteur by ʼn regsfirma was, en ʼn aanklaer by die Wes-Kaapse Openbare Beskermer se kantoor was; kennis neem dat die burgers van die Wes-Kaap volle vertroue kan hê dat die Huurbehuisingstribunaalraad in bekwame hande is; en verder kennis neem dat dit nog ʼn voorbeeld is van definiërende mylpaal vir vroue is, aangesien ons as ʼn land nog ver moet vorder, maar elke stap wat geneem word, is ʼn prestasie wat deur almal gevier moet word, aangesien ons ʼn manier moet vind om vroue meer te vier as ʼn integrale deel van ʼn veranderende samelewing wat steeds probeer om sy identiteit te vind, en daar is nog meer wat bereik moet word om vroue te bemagtig en hul viering is vooruitgang.

Goedgekeur.

23. Me L M Maseko stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat die provinsiale Departement van Infrastruktuur ŉ algehele begroting van R2,25 miljard in die medium termyn aan Weskus-distriksmunisipaliteite toegeken het; kennis neem dat in totaal 96 meerjarige projekte in hierdie streek óf aan die gang is óf deur die Departement beplan word; kennis neem dat belegging in infrastruktuur ŉ katalisator vir ekonomiese ontwikkeling in die streek kan wees; verder kennis neem dat sommige projekte die Malmesbury-ompadprojek van R529 miljoen insluit; kennis neem dat die projek 220 werksgeleenthede en 37 KMMO-geleenthede sal skep; verder kennis neem dat die twee projekte wat bespoedig is, herstelwerk aan die R303 in Citrusdal insluit, ŉ pad wat binne 10 dae weer vir verkeer oopgestel is nadat dit deur onlangse oorstromings weggespoel is, en die Laerskool Middelpos-projek, wat meer as 1 800 leerders sal akkommodeer; ook kennis neem dat padinfrastruktuur vir die Saldanha-NOS ook geprioritiseer sal word, met Minister Tertuis Simmers wat die Saldanha-NOS-toegangspad amptelik bekend sal stel; kennis neem dat konstruksie aan die projek ter waarde van R24 miljoen in September 2022 begin het; kennis neem dat die vroeë voltooiing van die projek die Departement se verbintenis tot dienslewering vir werkgeleenthede en ekonomiese geleenthede tot voordeel van gemeenskappe verder beklemtoon; verder kennis neem dat die Staande Komitee oor Infrastruktuur toesigbesoeke sal onderneem om met alle betrokke belanghebbendes in gesprek te tree om die vordering te evalueer van al die projekte wat tans aan die gang is of in die proses van implementering is; kennis neem dat hierdie meerjarige projekte projekte is wat waardigheid en hoop aan ons gemeenskappe sal gee; en kennis neem dat infrastruktuurbelegging deurslaggewend is vir volhoubare ontwikkelingsuitkomste en die sleutel tot ekonomiese groei is.

Goedgekeur.

24. Mnr D America stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat die Wes-Kaapse Departement van Mobiliteit tans verkeerstudente werf vir die voltooiing van ŉ Sertifikaat in Verdere Onderwys en Opleiding in Padverkeerswetstoepassing by die Gene Louw-verkeerskollege in Brackenfell; kennis neem dat die sperdatum vir aansoeke 28 Augustus 2023 is en dat die opleidingskursus van twaalf maande in Januarie 2024 sal begin; en jongmense aanmoedig om aansoek te doen om hierdie geleentheid om by die Provinsiale Verkeersdiens te leer en moontlik by hul geledere aan te sluit.

Goedgekeur.

**25.** Mnr G Bosman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis erkenning gee aan en die betekenisvolle bydraes vier wat mnr Johaar Mosaval tot die kulturele wêreld van die Wes-Kaap gemaak het; erkenning gee aan die dood van mnr Johaar Mosaval en ondersteuning gee en meegevoel betuig met sy vriende en familie; kennis neem dat Johaar in Distrik Ses gebore is en aansienlike uitdagings van die apartheidstelsel te bowe moes kom toe hy sy dansloopbaan in die 1940's begin het; kennis neem dat hy ongelukkig die geleentheid geweier is om sy potensiaal in Suid-Afrika ten volle te verwesenlik weens die beperkings wat op toegang tot teaters en verhoë ingestel is; kennis neem dat twee besoekende dansers in 1950 sy talent raakgesien het en ŉ beurs vir hom gefasiliteer het om die Sadler's Wells-balletskool in Londen by te woon; kennis neem dat hy daarna by die Koninklike Balletskool aangesluit het en binne ŉ jaar ŉ lid van die Koninklike Balletgeselskap geword het; kennis neem dat Johaar in 1956 tot solis bevorder is en sy debuut gemaak het met ŉ solo-optrede tydens die kroning van Haar Majesteit Koningin Elizabeth II by Covent Garden; kennis neem dat haar gehoor hoogwaardigheidsbekleërs en leiers van regoor die wêreld ingesluit het; kennis neem dat Johaar se roemryke balletloopbaan 25 jaar as hoofdanser ingesluit het voor sy terugkeer

na Suid-Afrika in 1976; kennis neem dat hy in 1977 sy eie balletskool gestig het, wat ongelukkig later gedwing is om te sluit; en verder kennis neem dat hy as ŉ ware inspirasie was die bewondering van individue regoor Suid-Afrika geniet het. Mag sy nagedagtenis voortduur as ŉ bewys van sy nalatenskap**.**

Goedgekeur.

26. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Ruth First, ŉ voorbeeldleier van die Suid-Afrikaanse anti-apartheidstryd en ŉ revolusionêre intellektueel, in herinnering roep en inspirasie uit haar lewe put; en kennis neem dat sy op hierdie dag in 1982 deur die rassistiese apartheidsregime met ŉ briefbom vermoor is terwyl sy in ballingskap in Mosambiek was. Mag haar siel in vrede rus en mag ons ŉ beter samelewing bou deur op haar nalatenskap te bou.

Goedgekeur.

27. Die Huis verdaag om 18:05.

Sunelle Fouche

Digitally signed by Sunelle Fouche
Date: 2023.08.25 09:51:05 +02'00'

Sunelle Fouch**é**
Waarnemende Sekretaris van die Provinsiale Parlement